Reformasie in die Kunste - GKSA Kerkblad / GKSA Webblad
(Terugskoue: Uit Diep van Donker Nagte - Reformasie 500-feesproduksie 2017)

Ons beleef vandag ‘n tydperk wat (na die Post Modernisme) nou *Post Truth* is … Dis ‘n tydperk gekenmerk deur die siening dat die waarheid nie meer saak maak nie; dat die waarheid dit is wat elkeen daarvan maak. Dis ‘n ontkenning dat daar ‘n absolute Waarheid is buite en bokant die mens se aardse bestaan, ‘n Waarheid aan skepsele geopenbaar deur God self.

Vanjaar, met die viering van die vyfhonderdjarige herdenking van die sestiende eeuse Reformasie, kom die Waarheid weer onder die soeklig. Vanuit alle oorde word hierdie periode in die kerkgeskiedenis wat die Heilige Gees deur ‘n Maarten Luther ontketen het, gekaap en herskryf. Dis duidelik sigbaar in *Google*-soektogte en sosiale media soos *Faceboek*- en *YouTube*-plasings.

Die Reformasie is bykans deur alle Christene en alle denominasies wêreldwyd gevier ... Dit het weer die vraag skerp na vore gebring: Wat het werklik in die sestiende eeu gebeur? Wat is dan die eintlike Waarheid?

Uit Diep van Donker Nagte is ‘n Reformasie 500-feesproduksie, geloods vanuit die GKSA, ‘n gemeenskapsprojek deur gelowiges met ‘n boodskap wat ons wyd wil uitdra: Die Waarheid, soos aan ons geopenbaar deur God self in sy Woord. Suiwer en duidelik.

In die Ou Testament word ons omring deur ‘n wolk van getuienis: Noag, Abraham, Isak, Jakob en Josef, Moses, Simson, Samuel, Dawid … gelowiges wat vasgehou het aan die beloftes van God; so ook die gelowiges in die Nuwe Testament: *In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet …* (Hebr 11:13)

In die jare net na die middeleeue word ons eweneens omring deur nog ‘n wolk van getuienis wat die eeue oorspan. *Uit Diep van Donker Nagte* put sy inspirasie uit die afgelope 500 jaar, in die dramatiese gebeure wat die lewens van gewone gelowiges in vyf lande ingrypend geraak het … in Duitsland, Frankryk, Switserland, Nederland en Suid-Afrika.

Dis is ‘n teaterproduksie vol hoop en geloof en blymoedigheid te midde van ‘n verwarde, angstige en gewelddadige wêreld. Dit skyn die lig op die Waarheid, uitgepers in die belydenisse van Luther en Calvyn en De Bres … Die donker kant van die geloofstryd met die bose word uitgebeeld, maar die werklike Verlosser tree na vore. *Uit Diep van Donker Nagte* … kom die boodskap van die Lig, die hoop, die blydskap, die vreugde!

Die martelare en geloofshelde het ten tye van uiterste beproewing onwrikbaar vasgehou aan hulle geloof. Hulle put hulle standvastigheid en krag uit die wete dat hulle verloste kinders van God is. Hulle vertrou hulle Hemelse Vader. Hy sal uitkoms bring op die regte tyd. Hy is die regverdige Regter.

In *Uit Diep van Donker Nagte* verskuif die blik dus van ‘n vervolgde gemeenskap na die Verlosser Jesus Christus. En dit bring perspektief. Een van die mooiste, aangrypendste tonele in *Uit Diep van Donker Nagte* is die opstandingstoneel, die gesig op ons hemelse toekoms. Terselfdertyd is dit ook ‘n toneel met ‘n sterk waarskuwende boodskap in die angstige gesoek, die wanhopige geklop aan die Toe Deur! Dit is die verhaal wat ons kinders moet hoor!

Dit bring ons by die media: die kunstewêreld … en Reformasie in die kunste ...

Deur God geroep om kunswerke te vervaardig!

Die Skepper van die heelal roep twee kunstenaars, Besáleël en Oholiab om die tabernakel te bou … God self skenk aan hulle skeppende vermoëns:

Kyk, die Here het *Besáleël … by sy naam geroep; en Hy het hom met die Gees van God vervul, met wysheid, met verstand en met kennis en bekwaamheid … om kunstige planne uit te dink, om dié uit te*

voer … om werksaam te wees in allerhande kunsarbeid. Hy het dit ook in sy hart gegee om ander te onderrig, aan hom en aan Ohóliab … Hy het hulle vervul met kunsvaardigheid … (Ex 25:30-25)

Vir bykans twintig jaar al verwonder ek my oor hierdie woorde.

Dit is God wat roep! Dit is God wat toerus.

Exo 36:1 *So moet dan Besáleël en Ohóliab en elkeen wat kunsvaardig is, in wie die HERE wysheid en verstand gegee het om met kennis al die werk tot vervaardiging van die heiligdom te verrig, dit maak net soos die HERE beveel het.*

Kuns en kunswaardering is ‘n gawe van God. In sy suiwerste vorm, word die kunstenaar gedryf om iets rein en moois te skep; iets wat sy Maker verheerlik. Enige van God se gawes kan gebruik of misbruik word. Dit kan verwring word tot sonde. Dit kan onder die maatemmer begrawe word of dit kan ontwikkel word.

Indien dit God is wat aan ons die sensitiwiteit gee om ‘n sonsopkoms te waardeer, om ‘n goeie boek te kan geniet, ons te kan verluister aan die ryke verskeidenheid van klank in ’n simfonieorkes, indien kleur en komposisie in ‘n skildery, die vloeiende lyne in ‘n beeldhouwerk ons oog streel … durf ons nie skoonheid verontagsaam nie. Ons moet ons daarin verlustig tot sy eer.

Die Bybel is gesaghebbend oor die roeping van die kunstenaar. Twee temas kom na vore. In die een tema rebeleer die mens teen God, hy weier om hom te bekeer en gaan vir ewig verlore. Die hedendaagste kuns (*contemporary art*) wat nie voortvloei uit ‘n Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie, is geneig om op hierdie motief te konsentreer: die sinloosheid van die mens se bestaan, die pyn, die hopeloosheid, die hartseer … dis deurdrenk met pessimisme en fatalisme.

Die tweede tema is presies die teenoorgestelde: dis vol hoop, want God bestaan. Die lewe is nie sinloos nie. Selfs die gevalle mens kan opstaan en verlos word deur Christus. Daar’s optimisme. Daar’s ‘n toekoms van ewige heerlikheid.

Christelike kuns gee aandag aan beide temas. As kuns stilstaan by die eerste tema, skiet dit te kort; is dit van waarheid ontbloot. As dit slegs konsentreer op die tweede tema, is dit romantisering. Die kunstenaar se werk kan en behoort so wyd en omvattend te wees as die ryke verskeidenheid in God se skepping.

Ongelukkig het kuns algaande ontaard. Skoonheid het verlore gegaan. Die Waarheid het verlore gegaan. Die mens is weer soekend, tastend, dwalend, wanhopig. In die Teater van die Absurde word die sinloosheid van die menslike bestaan skryend uitgebeeld. Dit is in der waarheid die skepsel sonder God, die verlore siel, die verloregaande mensdom.

God het begin met Godgehoorsame kunstenaars, soos ‘n Besaleël en Oholiab. Die wêreld het geantwoord deur die wanklankige stemme van sy eie Godonterende kunstenaars, ‘n Melathorpe e.a. Die vermaaklikheidswêreld, TV, teater en boeke word oorlaai met naaktheid, vulgariteit en kru taal. Dit skrei teen hemele soos God se Naam gelaster word. Kunstefeeste is dikwels die platvorm vir hierdie modderkuns (*gutter art*). Kuns in al sy skoonheid word in die riool vertrap.

Die klippe sal dit uitroep! Stemme het opgegaan. God gee onderskeidingsvermoë vir dié wat dieper delf in sy Woord, daarna soek soos na goud en silwer… Seerp Anema[1], B Wielenga[2], HR Rookmaker[3], Francis en Franky Schaeffer[4], BJ van der Walt[5] … Reformasie in die kunste … het eenvoudig begin!

Ons leef in ‘n kritieke tyd in ‘n wêreld wat sy rug op God gedraai het en versmag van ellende. Ook in die kunstewereld roep God gelowiges om sy getuies te wees: *Volg my! Wees heilig, want Ek is heilig!*

Ons hoef nie in die modder van die lewe rond te ploeg nie. Asblikkuns is geen kuns nie! Kuns kan ons óf nadertrek na God, óf dit kan ons verder vervreem van God. *L’art pour l’art* is ‘n misleiding. Dis ‘n wanvoorstelling. Die kunstenaar geen god nie, geen “idol” nie! Ook kuns en die kunstenaar moet uiteindelik die knie buig voor die groot Kunstenaar, die Skepper.

Destyds, tydens *Uit Diep van Donker Nagte* (Aardklop 2001) en met Eksodus 35-38 as inspirasie, is hierdie multimedia-produksie beplan in die krag van die Here, biddend dat Hy die projek sal seën en die vrywillige hande en middele sal voorsien, soos Hy mildelik gedoen het.

> Exo 36:1 *"So moet dan Besáleël en Ohóliab en elkeen wat kunsvaardig is, in wie die HERE wysheid en verstand gegee het om met kennis al die werk tot vervaardiging van die heiligdom te verrig, dit maak net soos die HERE beveel het.*
> "En Moses het Besáleël en Ohóliab geroep en elkeen wat kunsvaardig was, in wie se hart die HERE wysheid gegee het; **elkeen wie se hart hom opgewek het** om aan die werk te gaan om dit klaar te maak ... En **elkeen wie se hart hom opgewek en elkeen wie se gees hom aangedryf het**, het gekom ... die manne het met die vroue gekom, **elkeen wat gewillig van hart was** ... "

In dieselfde gesindheid en geloof is *Uit Diep van Donker Nagte* sestien jaar later vir Reformasie500 aangepak ... Nou kan ons terugskou in diep dankbaarheid teenoor die Here vir die gewillige harte wat Hy ook in 2017 voorsien het! Die Here se genade is meer as waarvoor ons gevra het!

Die skepping en uitvoering van *Uit Diep van Donker Nagte* is, wat my betref, nie gewone teater nie. Dit wil ek beklemtoon. Op my ouderdom, en deeglik bewus van die kosbare geleende tyd wat die Here my skenk om aan Hom diensbaar te wees, ook in die dringende roeping om verlore siele te probeer bereik met die reddende boodskap van die Evangelie, het ek geen motivering om sonder meer opvoerings aan te pak nie.

Met hierdie stuk wil ons, aan die hand van die voorbeeld van gewone gelowiges wat 500 jaar gelede geleef het, mense vandag bemoedig om te volhard ten tye van uiterste beproewing en geweld, die oog gevestig op Jesus, Lydsman en Verlosser. Hy is die Regter. Die Waarheid. Die Lewe.

Ons wil elke gelowige oproep om die heerlike verlossingswerk van Jesus Christus te besing; om die boodskap van hoop en bevryding te bring aan 'n polities verdeelde en godsdienstig verwarde en gewelddadige Suid-Afrika. Ons glo dat elke land en volk en taal uiteindelik God sal verheerlik. In die slottonele verenig Afrikaanse gelowiges, Engelse gelowiges, Venda, Tswana en Zulu-gelowiges in 'n halleluja-lofprysing aan God.

Ek voel my sterk geroepe om die beginsel van Reformasie in die kunste te bevorder juis in die Reformasie 500-feesjaar en daarna, juis te midde van soveel ontaarde kuns. Daarom dan ook, gelyklopend met die opvoerings van *Uit Diep van Donker Nagte*, die Reformasie Kuns- en Letterkundekompetisie wat ons deur *Fonteinuitgewery* en die *Instituut vir Christelike onderwys* van stapel gestuur het.

Ek glo dat die kunstenaar

- sy skeppende talent van God ontvang het
- sy skeppende talent tot eer en verheerliking van God moet aanwend
- eendag voor God verantwoording sal doen oor hoe hy sy talente aangewend het.

Werp julle krone voor sy troon! (Openbaring 4:10) Soli Deo Gloria!

***

Uit Diep van Donker Nagte is opgevoer deur 'n span van 120: Dis ware gemeenskapsteater, geloofsgemeenskapsteater:

"En Moses het Besáleël en Ohóliab geroep en elkeen wat kunsvaardig was, in wie se hart die HERE wysheid gegee het; **elkeen wie se hart hom opgewek het** om aan die werk te gaan om dit klaar te maak ... En **elkeen wie se hart hom opgewek en elkeen wie se gees hom aangedryf het**, het gekom ... die manne het met die vroue gekom, **elkeen wat gewillig van hart was** ...

Verskeie versoeke is ontvang om *Uit Diep van Donker Nagte* elders op te voer. Dit is ongelukkig vanweë logistiese redes nie moontlik om met so ‘n groot geselskap te reis nie. Daarom het ons uit die staanspoor die vervaardiging van *Uit Diep van Donker Nagte – Die DVD* beplan. Dis nie bloot ‘n videoweergawe van die teateropvoering nie, maar ‘n professionele DVD-projek in eie reg. Ons is tans besig met die redigering. Nuus oor die DVD en video-uittreksels sal van tyd tot tyd op ons *Faceboekblad* verskyn: @uitdiepvandonkernagte

Navrae: 27-83-650-2186; reformeer@gmail.com